




LEES IN HIERDIE SIKELFLITS


- LIG LEWE LIEFDE 2
- DIE LIIG WAT BLY 3
- BOEKGROEP 4
- THE BOOK OF ENOCH 5
- GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL 6
- MES 7
- BEURSHOUERS 8
- JAARPROGRAM 2026 8


2026:1 MAART 2026

# SIRKELFLITS

# PAASFEES: LIG LEWE LIEFDE 2026



Paasfees 2026!

Soos al dikwels gesê, sou dit soveel meer sin maak as ons Paasfees vier, soos in die Noordelike Halfrond, in die begin van LENTE want hierdie heilige seisoen staan in verband met nuwe lewe, vernuwing, restourasie, en transformasie.

As ons met toewyding kyk na die kruis, onthou ons weer hoe die kruis die diepste waarheid van onsself openbaar. Hoe die kruis die brug is tussen ons en ons medemens in 'n horisontale balk, maar ook ons eenheid (naelstring) met God in 'n vertikale balk. Sien ons weer die kruis as 'n simbool van LEWE wat oor die dood triomfeer. Ja, ons lywe sal sterf en opgeneem word in die ewigdurende siklus van geboorte, sterf, en wedergeboorte.

Met liefde kan ons nou na die graf kyk as die dood van die EGO en die opstanding van die SIEL. Besef ons opnuut dat ons kan probeer om liefde in die graf te sit maar dit sal weer en weer opstaan want liefde wen keer op keer.

Opstanding is 'n daaglikse keuse — elke keer waar ons liefde kies bo vrees, staan ons op uit die graf. Elke keer waar ons kies vir vergiffenis, staan ons op uit die doolhof van ons spyt en verwyt. Elke keer waar ons kies vir versoening, blaas God nuwe asem in ons asem en kom ons vry van die illusie dat ons verwyder is van onsself, ons ewemens, en God.

Ons kan tog nie ná Paasfees dieselfde wees as daarvoor nie! Ons kan nie dieselfde disfunksionele en destruktiewe gedrag hê as vroeër nie. Iets moet skuif. Iets moet verander. Want as dieselfde reaksies steeds jou gedrag bepaal, het Paasfees geen betekenis nie.

Die vraag is of ons oop is daarvoor om die LIG, LEWE, en LIEFDE van God in en deur ons te laat vloei?

Mag dit vir jou en jou huis 'n geseënde Paasfees wees!



Met liefde
Terblanche

# DIE LIG WAT BLY!

Vir almal van ons is die Paasverhaal bekend. Ons ken die gebeure, die woorde, die verloop. Van kleinsaf het ons die verhaal gehoor—van die kruis, die duisternis, die oggend van die opstanding.

Ek wou iets nuuts sê oor die betekenis van Pase, maar juis toe kom die besef: die betekenis lê nie in iets nuuts nie, maar op 'n dieper vlak.

In die verhaal van die kruis lees ons van 'n vreemde donkerte wat oor die aarde gekom het. Dit was asof die aarde 'n oomblik stil geword het. En ons lees van die voorhangsel in die tempel wat geskeur het — daardie swaar gordyn wat die gewone mense geskei het van die Allerheiligste.

**Wat beteken dit vir my en jou vandag?**

Miskien sê dit vir ons dat die plekke waar ons God die meeste verwag — in magstrukture, sekerheid en antwoorde — nie altyd is waar Hy Homself wys nie. Soms kom die Lig juis in die donkerste oomblikk: nie as verblindende strale nie, maar as 'n sagte, voortdurende teenwoordigheid.

Daardie geskeurde voorhangsel fluister vir ons hierdie kosbaarheid: daar is nie meer 'n skeiding nie, nie tussen God en mens nie. Die Allerheiligste is nie meer verborge nie, daar is nie skeiding tussen wat "heilig" en "alledaags" is nie.

**Die Lig het deurgebreek — en dit bly!**

Die lewe van Jesus self was die helderste —- getuienis van hierdie Lig!

Nie net die wonderwerke nie, maar in eenvoudige, alledaagse dinge: -

- Die manier waarop hy mense raakgesien het
- Hoe hy sag was met gebrokenes
- Hoe hy die waarheid gepraat het sonder om die liefde te verloor.

Dit is 'n Lig wat nie net een dag geskyn het nie, maar wat steeds deur mense se lewens weerkaats.

Paasfees is nie meer net 'n herinnering aan wat lank gelede gebeur het nie, maar 'n uitnodiging om self draers van daardie Lig te wees:

- In klein gebare
- In geduld
- In omgee
- In die manier waarop ons mekaar groet, na mekaar luister en verstaan.

Want die grootste wonder is nie net dat die Lig gekom het nie, maar dat dit steeds hier is.

Selfs nou!
Selfs in ons eie lewens!

**GESKRYF:**

Chrisna Smuts

**NASLAANBRONNE**:

- Die ligtheid van die lig. Morele oriëntasie in 'n postmoderne tyd, N. Koopman & R. Vosloo
- ChatGPT



# B O E K G R O E P



Die Boekgroep bestaan reeds sedert 28 Mei 2013. Gedurende hierdie 13 jaar is daar al 105 boeke bekendgestel. Alhoewel daar gedurende hierdie tydperk besoeker-aanbieders was, is die meeste van die besprekings gelei deur Boekgroeplede. Die bywoning wissel tussen 10 en 14 lede. Die Boekgroep vergader tans in die sitkamer van die De Rust Aftree-Oord, Queenstraat 2, Durbanville.
Die doel van die groep is om boeke aan die lede bekend te stel. Lede hoef nie vooraf die boek te lees nie alhoewel verskeie lede dit wel doen. Na die bekendstelling volg altyd 'n lewendige bespreking. Die aanbieder word ook heel dikwels tydens die aanbieding onderbreek om meer duidelikheid oor 'n aspek of twee te gee.

Versnaperinge word natuurlik na die gesprek geniet en die laaste byeenkoms is op die eerste Saterdagaand in Desember en is 'n heerlike geselligheid. By hierdie geleentheid word daar nie 'n boek bespreek nie, maar 'n aanvegbare stelling word gemaak en die lede debateer dan daaroor. Op 1 Junie het die Boekgroep 'n Feite, Fiksie & Fabels-aand. Dan kan lede 'n staaltjie, beriggie, gedig, ensovoorts met die groep deel.


Kom sluit gerus aan by hierdie wonderlike groep boekliefhebbers. Daar is 'n Jaarprogram waarvolgens die besprekings plaasvind en dit word ook Sondae op die liturgie adverteer.

| | |
|---|---|
| 4 MEI | CHRISNA SMUTS<br><br>Karen Armstrong:<br>History of God |
| 1 JUNIE | FEITE FIKSIE & FABELS |
| 3 AUGUSTUS | THEUNS MOOLMAN<br><br>Twee artikels uit Teologie op die Markplein:<br>Sakkie Spangenberg |
| 7 SEPTEMBER | MARSIA ROSSOUW<br><br>Reise in die Middeleeue en innerlike reis van die non wat haar laat toesluit het vir 57 jaar in 'n sel van die Buurkerk van Utrecht. |
| 5 OKTOBER | ANNAMARIE SPIES<br><br>Johan Cilliers:<br>Sinsoekers - tussen twyfel en troos |
| 2 NOVEMBER | JANUS PRENTZLER<br><br>Martin Shaw:<br>Liturgies of the Wild |
| 5 DESEMBER | GESPREK RONDOM 'N AANVEGBARE STELLING |



## BOEKGROEP: AANBIEDING - JOZUA HUGO - 9 MAART 2026

Die Boekgroep se 2de byeenkoms vanjaar was op 9 Maart 2026 by De Rust Aftree-Oord, Durbanville. By hierdie geleentheid het Jozua Hugo die groeplede aan *The Book of Enoch* bekend gestel soos verwoord deur Dr Jay Winter in *The Complete Book of Enoch*. Sy vertaling is gebruik vir die voorbereiding vir hierdie aanbieding.




*The Book of Enoch* is eers deur Jode en Christene aanvaar. Dit het egter later weerstand ervaar wat deur magtige teoloë gedryf is as gevolg van omstrede stellings oor die aard en dade van die gevalle engele.

*The Enochian writings, in addition to many other writings that were excluded (or lost) from the Bible (i.e., the Book of Tobit, Esdras, etc.) were widely recognized by many of the early church fathers as "Apocryphal" writings. The term "apocrypha" is derived from the Greek word meaning "hidden" or "secret". Originally, the import of the term may have been complimentary in that the term was applied to sacred books whose contents were too exalted to be made available to the general public.* (Aanhaling deur David Chariot in hierdie boek).

Hierdie boek is ’n ou Joodse godsdiensteks wat aan Enoch toegeskryf word, ’n figuur wat kortliks in die Bybel genoem word as die oupagrootjie van Noag. Dit is ’n antieke, invloedryke maar nie-amptelike Bybelse teks wat meer detail gee oor engele, die geestelike wêreld en die oordeel.

Die meeste geleerdes glo dit is tussen ongeveer 300 v.C. en 100 n.C geskryf.

Die boek is nie een enkele verhaal nie, maar ’n versameling geskrifte wat onder andere visioene en simboliese verhale bevat oor:

- Verhale van engele (die “Wagters”) wat aarde toe kom en met mense meng
- Beskrywings van reuse (Nephilim) die gevalle wesens
- Visioene van die hemel, hel, oordeel en boosheid
- Profesieë oor die einde van die wêreld en die koms van ’n Messias.


Die boek word nie in die meeste Christelike Bybels ingesluit nie, want dit word beskou as nie-geïnspireerde Skrif nie en word deur die meeste kerke nie erken nie. Verder is daar ‘n twis oor wie dit geskryf het (waarskynlik nie regtig Enoch self nie) en dit bevat idees wat verskil van ander Bybelboeke.

Interessant genoeg is dat die Ethiopian Orthodox Tewahedo Church aanvaar dit wél as deel van hul Bybel.

Hoekom is die boek belangrik?

- Dit help ons verstaan hoe Joodse denke in die tyd net voor Jesus ontwikkel het.
- Die Nuwe Testament se brief van Judas verwys selfs direk na ’n profesie uit Enoch.
- Dit bevat sterk apokaliptiese simboliek – iets wat later ook in Openbaring voorkom.
- Baie mense lees die boek nie noodwendig as letterlike geskiedenis nie, maar as ‘n venster op die mens se verbeelding van die heilige en die kosmos.





# WERKSWINKEL:

# GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL

## BESPREEK BY EDWARD: 082 788 1824

**KOSTE PER SATERDAG PER PERSOON - R 250.00**
**PER PAAR PER R400**

**KLUBHUIS ROCHEFORT, PINEHURST**

**KOFFIE/ TEE BY AANKOMS ASOOK TYDENS POUSE MET 'N TOEBROODJIE**

## SATERDAG 9 MEI 2026 VAN 9:00 TOT 13:00

Daar sal op die Geskiedenis van die Ou Testament gefokus word:

- begin met Abraham en stap tot by Jesus
- kyk na die invloed van die Sumeriese, Kanaänitiese, Egiptiese en Babiloniese godsdienste op Judaïsme
- blaai deur die historiese boeke, die wysheidsliteratuur, profete, asook die outeurvraagstukke van wie wat geskryf het en wanneer

Die doel is om 'n begrip te ontwikkel hoe die Ou Testament 'n 2000 jaarlange geskiedenis bymekaar bring.

## SATERDAG 16 MEI 2026 VAN 9:00 TOT 13:00

Die fokus val op die Geskiedenis van die Nuwe Testament

- begin by Jesus en eindig by Konstantyn (325CE)
- ook die vrae oor wie die Evangelies geskryf het, word verken
- wie Paulus was en waarom soveel van sy briewe in die NT ingesluit is

Die vroeë kerk van die eerste 3 eeue na Christus word dus behandel. Dis 'n heerlike reis om te bepaal waarom die Bybel steeds belangrik en relevant vir ons as Christene is.

Neo-Spektrum is al baie jare betrokke met **MOULD EMPOWER SERVE (MES).** Ons help om soos hulle dit stel: **CHANGING THE HEART OF THE CITY**.

Hulp aan MES maak 'n groot impak om mense se lewens te verander en kwesbare gemeenskappe te ondersteun. Ek weet NS is bereid om verder met MES saam te werk om suksesse te behaal.

In die voorafgaande jare het ons op verskeie maniere uitgereik na MES. Ons het maandeliks geldelike donasies gemaak, 'n Vrouedag gereëL waartydens 45 vroue met 'n driegangmaaltyd en 'n geskenkpakkie bederf is. NS het deur sy ander entiteit, NS for Humanitarian Poverty Relief, maandeliks 'n bydrae tot MES gemaak, maar Covid het die speelveld ook vir NS verander; gevolglik moes ons die bydraes aan MES staak.

Tans ondersteun ons MES met NS se WINTERHOOP. Daar word 'n lys van benodighede wat MES nodig het om hulle aksies te kan uitvoer aan die Sirkelvriende beskikbaar gestel. Ons verskaf sakke waarin donasies na die Kapel gebring kan word. In die verlede het ons ook kontantbydraes aanvaar. Hierdie kontantbydraes is dan gebruik om in grootmaat kruideniersware aan te koop; sien foto's.

Vanjaar gaan ons gedurende Mei & Junie weer hierdie Winterhoop loods. Sakke sal uitgedeel word en Sirkelvriende kry die geleentheid om ook kontant in NS se rekening (ABSA 40 8348 1065) met die verwysing "Winterhoop" te betaal.

Indien meer besonderhede benodig word, kan Edward Smuts (082 788 1824) geskakel word. Daar kan ook met Annelize vd Linde (koördineerder), Theuns Moolman & Johan Struwig geskakel word.

MES
Changing the heart of the city!


Baie dankie vir die vrygewigheid asook deurlopende ondersteuning van die Sirkelvriende. Ons sien uit om saam met julle te kan werk en bydrae tot MES se welstand te maak. So kan ons help om die kern van die stad te verbeter en geleenthede skep om 'n groter invloed op die toekoms te hê.

**Edward Smuts**









**<u>BO</u>: 'n Slaapsaal waar hawelose persone teen minimale koste kan slaap. Daar is natuurlik ook badkamers met die nodige geriewe.**
**<u>LINKS BO & ONDER</u>: Gedeelte van verlede jaar, 6 Junie 2025, se aankope. Hier is Theuns Moolman & Johan Struwig die "kopers & pakkers". Edward Smuts loop met die sel en tel elke aankoop by om te sorg dat ons binne die begroting bly.**

## BEURSHOUERS MAART 2026

Neo-Spektrum het vier beurshouers wat drie verskillende skole bywoon. Hulle is al vier in Graad 11 en presteer akademies baie bevredigend. Austin blink ook uit as 'n rugbyspeler.

**Austin Jantjies** is in Hoërskool Durbanville. Sy vakke is Afrikaans, Engels, Wiskundige Geletterdheid, Lewensoriëntering, Besigheidstudies, Dramatiese Kunste en Toerisme. Sy gemiddeld vir eerste kwartaal is 70%

**Dalene Esselaar** is in Hoërskool Scottsville. Haar vakke is Afrikaans, Engels, Wiskundige Geletterdheid, Lewensoriëntering, Geskiedenis, Rekenaartoepassingstegnologie en Toerisme. Haar gemiddeld vir eerste kwartaal is 82%

**Jo-Dean Losper** is in Hoërskool Durbanville. Haar vakke is Afrikaans, Engels, Wiskundige Geletterdheid, Lewensoriëntering, Geografie, Rekenaartoepassingstegnologie en Toerisme. Haar gemiddeld vir eerste kwartaal is onbekend.

**Justine Eiman** is in Hoërskool Aquilla. Haar vakke is Afrikaans, Engels, Wiskun-dige Geleetrdheid, Lewensoriëntering, Besigheidstudies, Geskiedenis en Toerisme. Sy ontvang haar rapport eers in die 2de kwartaal.

## WAT GEBEUR VERDER BY NEO-SPEKTRUM GEDURENDE 2026

| | |
|---|---|
| WYSHEIDSIRKEL | ELKE SONDAG OM 10H00 |
| BOEKGROEPBESPREKINGS | SIEN BLADSY 3 VIR JAARPROGRAM |
| GESPREKSGROEPE | SKAKEL TERBLANCHE JORDAAN |
| UK VERGADERINGS BY SEEFF-KANTOOR OXFORDSTRAAT | 6 MEI, 16 SEPTEMBER & 4 NOVEMBEROM 19H00 |
| WERKSWINKELS: GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL | SATERDAE 9 & 16 MEI<br>VANAF 09H00 TOT 13H00<br>KLUBHUIS ROCHEFORT IN PINEHURST |
| WINTERHOOP: MEI & JUNIE | SIEN BLADSY 7 VIR BYDRAES IN SAKKE EN KONTANT; |
| SOMERFEES & VEILING: | 7 NOVEMBER<br>THE TANGRAM RESTAURANT BY DURBANVILLE HILLS |
| UK JAAREINDFUNKSIE | 29 NOVEMBER<br>BIRDCAGE BY CHOCOLAT |
| ALGEMENE JAARVERGADERING | 6 DESEMBER<br>KOLPING |

**BESOEK DIE WEBBLAD VAN NEO-SPEKTRUM**

**https://neospektrum.co.za/ waar daar 'n skakel na NS se facebookblad is**